

Renamo het glo chemiese wapens

MAPUTO. - 'n Oorloper van die rebellebeweging Renamo in Mosambiek het gesê dié groep gebruik chemiese wapens.

Die oorloper, mnr. Victorino Fernandes, het vroeër vandeesweek gesê hy het op 22 Januarie vyftig Renamovegters teengekom wat gasmaskers gedra het by 'n basis 40 km noord van Maputo.

Volgens hom het die soldate gesê hulle moet die maskers dra as beskerming teen 'n projektiel wat uit 'n masjiengeweer van groot kaliber geskiet kan word.

Hy het gesê dié projektiel stel gifgas vry. - (Sapa-Reuter).